LUG JOU MENING

Hersiening van die Wet op Openbare Befondsing van Verteenwoordigde Politieke Partye, Nr 103 van 1997

Beroep vir Kommentaar

Openbare befondsing vir politieke partye verteenwoordig in nasionale en provinsiale wetgewers word voorsien deur die Wet op Openbare Befondsing van Verteenwoordigde Politieke Partye, Wet 103 van 1997.

Die Nasionale Vergadering het op 6 Mei 2017 besluit dat:

- **die doeltreffende funksionering van politieke partye fundamenteel is tot die bevordering van grondwetlike demokrasie in Suid-Afrika, en in die besonder tot die vermoë van sodanige organisasies om die publiek te verteenwoordig; en**
- **politieke partye voldoende befondsing benodig om hul funksies uit te voer en om demokrasie te versterk, en dat die manier en deursigtigheid van sodanige befondsing belangrik is ten einde publieke vertroue in die politieke stelsel te bou.**

In die lig van die bogenoemde het die Nasionale Vergadering die Ad hoc-komitee oor Befondsing van Politieke Partye gestig om ondersoek in te stel na die befondsing van politieke partye wat in die nasionale en provinsiale wetgewers in Suid-Afrika verteenwoordig word. Die komitee moet die model van openbare en private befondsing vir politieke partye oorweeg. Daarbenewens moet oorweging gegee word aan die behoefte aan en moontlike maniere om private befondsing in al sy vorme (met in begrip van beleggingsinstellings in die besit van politieke partye) te reguleer. Die komitee mag ook wysigings tot huidige wetgewing indien.

Die komitee doen hiermee 'n beroep vir openbare kommentaar oor hoe die Wet op Openbare Befondsing van Verteenwoordigde Politieke Partye, Nr 103 van 1997 versterk mag word vir meer deursigtigheid betreffende die manier waarop politieke partye gefinansier word ten einde hul doeltreffende funksionering te verseker. Van besondere belang is die model van openbare en private befondsing vir politieke partye, en die behoefte aan en moontlike maniere om all vorme van private befondsing asook beleggingsinstellings in die besit van politieke partye te reguleer.

Skriftelike voorleggings – met in begrip van 'n aanduiding van jou belangstelling om 'n mondelinge voorlegging te doen by die openbare verhoor geskeduleer vir Augustus - moet nie later nie as 10h00 op 21 July 2017 by die komitee ingedien word. Die komitee behou die reg om te bepaal watter organisasies/individue vir mondelinge voorleggings genooi sal word.

Die Wet op Openbare Befondsing van Verteenwoordigde Politieke Partye, Nr 103 van 1997 asook sy regulasies is toeganklik via www.parliament.gov.za en mag ook by ons komiteesekretaris (besonderhede onder) aangevra word.

Navrae en skriftelike voorleggings moet gerig word aan Cindy Balie, Komiteesekretaris: Ad hoc-komitee oor die Befondsing van Politieke Partye, 3de Vloer, Pleinstraat, Kaapstad 8000, of e-pos cbalie@parliament.gov.za, of faks: 086 665 5444. Die komitee mag ook by 021 403 3667 of 083 709 8444 geskakel word.

Uitgereik deur die Voorsitter van die Ad hoc-komitee oor die Befondsing van Politieke Partye, mnr VG Smith, LP.